# OFFICIAL GAZETTE

## EXTRAORDINARY

## OF SOUTH WEST AFRICA

## BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

## VAN SUIDWES-AFRIKA


PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Monday 27 May 1985 — WINDHOEK — Maandag 27 Mei 1985 — No. 5045


CONTENTS:


| | | Page |
|---|---|---|
| **GOVERNMENT NOTICES** | | |
| No. AG. 77 | Hunting seasons, 1985, for the areas in which the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), applies | 2 |
| No. AG. 78 | Hunting seasons, 1985, for the areas in which Proclamation R.188 of 1976 applies | 3 |
| No. AG. 79 | Hunting seasons, 1985: Owambo | 4 |
| No. AG. 80 | Hunting seasons, 1985: Kavango | 4 |
| No. AG. 81 | Close season for the hunt of certain species of big game and small game, 1985: Eastern Caprivi Zipfel | 5 |
| No. AG. 82 | Declaration of Puku and Sharp's Grysbok as protected game in the Eastern Caprivi Zipfel: Amendment of the Second Schedule to Ordinance 11 of 1951 | 6 |


INHOUD:


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **GOEWERMENTSKENNISGEWINGS** | | |
| Nr. AG. 77 | Jagseisoene, 1985, vir die gebiede waarin die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), van toepassing is | 2 |
| Nr. AG. 78 | Jagseisoen, 1985, vir die gebiede waarin Proklamasie R.188 van 1976 van toepassing is | 3 |
| Nr. AG. 79 | Jagseisoene, 1985: Owambo | 4 |
| Nr. AG. 80 | Jagseisoene, 1985: Kavango | 4 |
| Nr. AG. 81 | Geslote tyd vir die jag op sekere soorte groot- en kleinwild, 1985: Oostelike Caprivi Zipfel | 5 |
| Nr. AG. 82 | Verklaring van Puku en Tropiese Grysbok as beskermde wild in die Oostelike Caprivi Zipfel: Wysiging van die Tweede Bylae by Ordonnansie 11 van 1951 | 6 |


## Government Notices

## Goewermentskennisgewings

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 77 1985

## HUNTING SEASONS, 1985, FOR THE AREAS IN WHICH THE NATURE CONSERVATION ORDINANCE, 1975 (ORDINANCE 4 OF 1975), APPLIES

It is hereby made known in terms of section 25(2) of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (Ordinance 4 of 1975), that the Administrator-General has -

(a) under section 25(1)(a) of the said Ordinance -

(i) determined the period from 31 May 1985 up to and including 31 July 1985 as the hunting season during which game mentioned in Schedule 5 to the said Ordinance (huntable game) may be hunted in terms of section 30, but subject to the other provisions, of the said Ordinance;

(ii) determined the period from 1 August 1985 up to and including 30 September 1985 as the hunting season during which game mentioned in Schedule 6 to the said Ordinance (huntable game birds) may be hunted in terms of section 32, but subject to the other provisions of the said Ordinance;

(b) under section 25(1)(c) deleted the names -

Francolins and Quails (Phasianidae);
Button Quails (Turnicidae); and
Ducks and Gees (Anatidae)

in Schedule 6 (huntable game birds) and added the names -

Kurrichane buttonquail (Turnix sylvatica);
Common quail (Coturnix coturnix);
Harlequin quail (Coturnix delagorguei);
Crested francolin (Francolinus sephaena);
Redbilled francolin (Francolinus adspersis);
Swainson's francolin (Francolinus swainsonii);
Orange River francolin (Francolinus levaillantoides);
White faced duck (Dendrocygna viduata);
Egyptian goose (Alopochen aegyptiacus);
Cape teal (Anas capensis);
Hottentot teal (Anas hottentota);
Redbilled teal (Anas erythrorhyncha);
Turtle-dove (Streptopelia capicola);

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

Nr. AG. 77 1985

## JAGSEISOENE, 1985, VIR DIE GEBIEDE WAARIN DIE ORDONNANSIE OP NATUURBEWARING, 1975 (ORDONNANSIE 4 VAN 1975), VAN TOEPASSING IS

Hierby word ingevolge artikel 25(2) van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (Ordonnansie 4 van 1975), bekend gemaak dat die Administrateur-generaal -

(a) kragtens artikel 25(1)(a) van genoemde Ordonnansie

(i) die tydperk van 31 Mei 1985 tot en met 31 Julie 1985 bepaal het as die jagseisoen waartydens wild genoem in Bylae 5 by genoemde Ordonnansie (jagbare wild) ingevolge artikel 30, maar behoudens die ander bepalings van genoemde Ordonnansie, gejag mag word;

(ii) die tydperk vanaf 1 Augustus 1985 tot en met 30 September 1985 bepaal het as die jagseisoen waartydens wild genoem in Bylae 6 by genoemde Ordonnansie (jagbare wildvoëls) ingevolge artikel 32, maar behoudens die ander bepalings van genoemde Ordonnansie, gejag mag word;

(b) kragtens artikel 25(1)(c) die name -

Fisante en Kwartels (Phasianidae);
Kwarteltjies (Turnicidae); en
Wilde eende en ganse (Anatidae)

in Bylae 6 (jagbare wildvoëls) geskrap en die name

Bosveld kwartel (Turnix sylvatica);
Afrikaanse kwartel (Coturnix coturnix);
Bont kwartel (Corturnix delgorguei);
Bospatrys (Francolinus sephaena);
Rooibek fisant (Francolinus adspersis);
Bosveld fisant (Francolinus swainsonii);
Kalahari patrys (Francolinus levaillantoides);
Nonnetjie eend (Dendrocygna viduata);
Kolgans (Alopochen aegyptiacus);
Teeleendjie (Anas capensis);
Gevlekte eendjie (Anas hottentota);
Rooibek eendjie (Anas erythororhyncha);
Tortelduif (Streptopelia capicola);
Rooiborsduif (Streptopelia senegalensis);
Bosduif (Columba guinea);

Laughing dove (Streptopelia senegalensis);
Rock pigeon (Columba guinea);
Burchell's sandgrouse (Pterocles burchelli); and
Doublebanded sandgrouse (Pterocles bicinctus);

to the said Schedule;

(c) under section 25(3) of the said Ordinance, made the hunting seasons referred to in paragraph (a) and the deletion and adding referred to in paragraph (b), applicable to those parts of the Territory in which the said Ordinance is in force.

Gevlekte sandpatrys (Pterocles burchelli); en
Dubbelband sandpatrys (Pterocles bicinctus)

toegevoeg het tot genoemde Bylae;

(c) kragtens artikel 25(3) van genoemde Ordonnansie die in paragraaf (a) bedoelde jagseisoene en die in paragraaf (b) bedoelde skrapping en toevoeging van toepassing gemaak het op daardie gedeelte van die Gebied waar genoemde Ordonnansie geld.

---

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 78 1985

### HUNTING SEASON, 1985, FOR THE AREAS IN WHICH PROCLAMATION R.188 OF 1976 APPLIES

It is hereby made known in terms of section 11(3) of the Nature Conservation in Certain Native Areas in South West Africa Proclamation, 1976 (Proclamation R.188 of 1976), that the Administrator-General has -

(a) under section 11(2) (a) of the said Proclamation for the year 1985 varied the hunting season referred to in section 11(1)(a) of the said Proclamation, during which game mentioned in Annexure 3 to the said Proclamation (huntable game) may be hunted in accordance with the provisions of the said Proclamation to the period from 31 May 1985 up to and including 31 July 1985;

(b) under section 11(4) of the said Proclamation made the variation to the said hunting season referred to in paragraph (a) applicable throughout those areas of the Territory in which the said Proclamation is in force.

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

Nr. AG. 78 1985

### JAGSEISOEN, 1985, VIR DIE GEBIEDE WAARIN PROKLAMASIE R.188 VAN 1976 VAN TOEPASSING IS

Hierby word ingevolge artikel 11(3) van die Proklamasie op Natuurbewaring in sekere Naturellegebiede in Suidwes-Afrika, 1976 (Proklamasie R.188 van 1976), bekend gemaak dat die Administrateur-generaal -

(a) kragtens artikel 11(2)(a) van genoemde Proklamasie vir die jaar 1985 die jagseisoen in artikel 11(1)(a) van genoemde Proklamasie bedoel waartydens wild genoem in Aanhangsel 3 by genoemde Proklamsie (jagbare wild) ooreenkomstig die bepalings van genoemde Proklamasie gejag mag word, verander het na die tydperk vanaf 31 Mei 1985 tot en met 31 Julie 1985;

(b) kragtens artikel 11(4) van genoemde Proklamasie die in paragraaf (a) bedoelde verandering van die jagseisoen van toepassing gemaak het dwarsdeur daardie gedeeltes van die Gebied waarin genoemde Proklamasie geld.

---

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 79 1985

### HUNTING SEASONS, 1985: OWAMBO

Under

(a) section 2(1) of the Owambo Nature Conservation Enactment, 1973 (Enactment 6 of 1973), I hereby determine -

(i) the period from 31 May 1985 up to and including 31 July 1985 as the hunting season during which game mentioned in Schedule 3 to the said Enactment (game) may be hunted in terms of the provisions of sections 5 and 6, but subject to the other provisions of the said Enactment;

(ii) the period from 1 August 1985 up to and including 30 September 1985 as the hunting season during which game mentioned in Schedule 4 to the said Enactment (game birds) may be hunted in terms of the provisons of sections 7 and 8, but subject to the other provisions of the said Enactment;

(b) section 2(2) of the said Enactment I hereby make the hunting seasons referred to in paragraph (a) applicable to the whole of Owambo.

W.A. VAN NIEKERK
Adminsitrator General Windhoek, 9 May 1985

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

Nr. AG. 79 1985

### JAGSEISOENE, 1985: OWAMBO

Kragtens -

(a) artikel 2(1) van die Owambo Natuurbewaringsmaatreël, 1973 (Maatreël 6 van 1973), bepaal ek hierby -

(i) die tydperk vanaf 31 Mei 1985 tot en met 31 Julie 1985 as die jagseisoen waartydens wild genoem in Bylae 3 by genoemde Maatreël (wild) ingevolge die bepalings van artikels 5 en 6 maar behoudens die ander bepalings van genoemde Maatreël, gejag kan word;

(ii) die tydperk vanaf 1 Augustus 1985 tot en met 30 September 1985 as die jagseisoen waartydens wild genoem in Bylae 4 by genoemde Maatreël (wildvoëls) ingevolge die bepalings van artikels 7 en 8, maar behoudens die ander bepalings van genoemde Maatreël, gejag kan word;

(b) artikel 2(2) van genoemde Maatreël maak ek hierby die in paragraaf (a) bedoelde jagseisoene van toepassing ten opsigte van die hele Owambo.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 9 Mei 1985

---

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 80 1985

### HUNTING SEASONS, 1985: KAVANGO

Under -

(a) section 2(1)(a) of the Kavango Nature Conservation Act, 1974 (Act 4 of 1974), I hereby determine -

(i) the period from 31 May 1985 up to and including 31 July 1985 as the hunting season during which game mentioned in Schedule 3 to the said Act (game) may be hunted in terms of the provisions of section 4, but subject to the other provisions of the said Act;

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

Nr. AG. 80 1985

### JAGSEISOENE, 1985: KAVANGO

Kragtens -

(a) artikel 2(1)(a) van die Kavango-wet op Natuurbewaring, 1974 (Wet 4 van 1974), bepaal ek hierby -

(i) die tydperk vanaf 31 Mei 1985 tot en met 31 Julie 1985 as die jagseisoen waartydens wild genoem in Bylae 3 by genoemde Wet (wild) ingevolge die bepalings van artikel 4, maar behoudens die ander bepalings van genoemde Wet, gejag kan word;

(ii) the period from 1 August 1985 up to and including 30 September 1985 as the hunting season during which game mentioned in Schedule 4 to the said Act (game birds) may be hunted in terms of the provisions of section 6, but subject to the other provisions of the said Act;

(b) section 2(3) of the said Act I hereby declare that the hunting seasons referred to in paragraph (a) shall be applicable to the whole of Kavango.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator General Windhoek, 9 May 1985

(ii) die tydperk vanaf 1 Augustus 1985 tot en met 30 September 1985 as die jagseisoen waartydens wild genoem in Bylae 4 by genoemde Wet (wildevoëls) ingevolge die bepalings van artikel 6, maar behoudens die ander bepalings van genoemde Wet, gejag kan word;

(b) artikel 2(3) van genoemde Wet, verklaar ek hierby dat die in paragraaf (a) bedoelde jagseisoene van toepassing is in die hele Kavango.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 9 Mei 1985

## DEPARTMENT OF AGRUCULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 81 1985

### CLOSE SEASON FOR THE HUNT OF CERTAIN SPECIES OF BIG GAME AND SMALL GAME, 1985: EASTERN CAPRIVI ZIPFEL

Under section 5(1)(a) of the Game Preservation Ordinance, 1951 (Ordinance 11 of 1951), I hereby prescribe

(a) that the period from 1 August 1985 up to and including 30 May 1986 shall be the close season * for the hunt, in terms of the provisions of sections 7 and 9, but subject to the other provisions of the said Ordinance, of the species of game mentioned in the First and Third Schedules to the said Ordinance, namely Buffalo (Syncerus caffer), Gemsbuck (adult) (Oryx gazella), Hartebeest (Alcelaphus species), Kudu (Strepsiceros strepsiceros), Ostrich (Struthio australis), Sassaby (Damaliscus lunatus), Duiker (Silvicapra grimmia), Springbuck (Antidorcas marsupialis), Warthog (Phacochoerus aethiopicus), and Wildpig;

(b) that the period from 1 October 1985 up to and including 31 July 1986 shall be the close season * for the hunt in terms of the provisions of section 9, but subject to the other provisions of the said Ordinance, of the species of small game mentioned in the Third Schedule to the said Ordinance, namely all varieties of wild duck and geese, all varieties of francolin species (otherwise known as pheasants and partridges), all varieties of the sand grouse (otherwise known as Namaqualand partridges), Guinea-fowl and all kinds of quails;

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

Nr. AG. 81 1985

### GESLOTE TYD VIR DIE JAG OP SEKERE SOORTE GROOT- EN KLEINWILD, 1985: OOSTELIKE CAPRIVI ZIPFEL

Kragtens artikel 5(1)(a) van die Ordonnansie op Wildbeskerming 1951 (Ordonnansie 11 van 1951) skryf ek hierby voor -

(a) dat die tydperk vanaf 1 Augustus 1985 tot en met 30 Mei 1986 die geslote tyd * is vir die jag, ingevolge die bepalings van artikels 7 en 9, maar behoudens die ander bepalings van genoemde Ordonnansie, op dié soorte wild genoem in die Eerste en Derde Bylaes by genoemde Ordonnansie, naamlik Buffels (Syncerus caffer), Gemsbokke (volwasse) (Oryx gazella), Hartebeeste (Alcelaphus species), Koedoes (Strepsiceros strepsiceros), Volstruise (Struthio australis), Tsessebes of Basterhartebeeste (Damaliscus lunatus), Duikers (Silvicapra grimmia), Springbokke (Antidorcas marsupialis) en Vlakvarke (Phacochoerus aethiopicus);

(b) dat die tydperk vanaf 1 Oktober 1985 tot en met 31 Julie 1986 die geslote tyd * is vir die jag, ingevolge die bepalings van artikel 9, maar behoudens die ander bepalings van genoemde Ordonnansie, op dié soorte kleinwild genoem in die Derde Bylae by genoemde Ordonnansie, naamlik elke soort wilde-eend en -gans, elke soort van frankolinus (ook bekend as fisante en patryse), elke soort sandhoender (ook bekend as namakwapatryse), Tarentale en elke soort kwartel;

(c) that the close seasons referred to in paragraphs (a) and (b) shall be applicable to the whole of the Eastern Caprivi Zipfel.

* The effect of this is that the species of game mentioned in paragraph (a) may, subject to the stated privisos, be hunted during the period from 31 May 1985 up to and including 31 July 1985.

** The effect of this is that the species of small game mentioned in paragraph (b) may, subject to the stated privisos, be hunted during the period from 1 August 1985 up to and including 30 September 1985.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 9 May 1985

(c) dat die in paragrawe (a) en (b) bedoelde geslote tydperke van toepassing is ten opsigte van die hele Oostelike Caprivi Zipfel.

* Die effek hiervan is dat dié soorte wild genoem in paragraaf (a), onderworpe aan die voorbehoude wat gestel word, gedurende die tydperk vanaf 31 Mei 1985 tot en met 31 Julie 1985 gejag mag word.

** Die effek hiervan is dat dié soorte kleinwild genoem in paragraaf (b), onderworpe aan die voorbehoude wat gestel word, gedurende die tydperk vanaf 1 Augustus 1985 tot en met 30 September 1985 gejag mag word.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 9 Mei 1985

---

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND NATURE CONSERVATION

No. AG. 82 1985

DECLARATION OF PUKU AND SHARP'S GRYSBOK AS PROTECTED GAME IN THE EASTERN CAPRIVI ZIPFEL AMENDMENT OF THE SECOND SCHEDULE TO ORDINANCE 11 OF 1951

Under section 5(1)(c) of the Game Preservation Ordinance, 1951 (Ordinance 11 of 1951) -

(a) I hereby add the names Puku (Kobus vardoni) and Sharp's Grysbok (Rhaphicerus sharpei) to the Second Schedule (protected game, part I-animals);

(b) I hereby make the addition referred to in paragraph (a) applicable to the whole of the Eastern Caprivi Zipfel.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 9 May 1985

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN NATUURBEWARING

Nr. AG. 82 1985

VERKLARING VAN PUKU EN TROPIESE GRYSBOK AS BESKERMDE WILD IN DIE OOSTELIKE CAPRIVI ZIPFEL: WYSIGING VAN DIE TWEEDE BYLAE BY ORDONNANSIE 11 VAN 1951

Kragtens artikel 5(1)(c) van die Ordonnansie op Wildbeskerming 1951 (Ordonnansie 11 van 1951)

(a) voeg ek hierby die name Puku (Kobus vardoni) en Tropiese Grysbok (Rhaphicerus sharpei) by tot die Tweede Bylae (beskermde wild, deel I-diere);

(b) maak ek hierby die in paragraaf (a) bedoelde byvoeging van toepassing ten opsigte van die hele Oostelike Caprivi Zipfel.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 9 Mei 1985